

GRAAN SA GRAIN SA	Graan SA Weeklikse Oliesade- & Mark Kommentaar													
	DATUM	2017/07/14				2017/07/10		2017/06/19		+ - JAAR GELEDE				
	2017/07/17	2017/07/14		2017/07/10		2017/06/19		2016/07/18						
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data				
Brent (\$/b)	48.94	0.62	↑	1.3%	48.32	↑	1.4%	46.89	↑	4.7%	47.18	↑	4.6%	46.78
US\$: ? ZAR	13.03	-0.160	↓	-1.2%	13.19	↓	-1.6%	13.38	↑	0.5%	12.97	↓	-4.8%	14.29
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 872.32	-137	↓	-7.8%	R 2 009.55	*	CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Jul +12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 365.13	-116	↓	-7.7%	R 2 481.41	*	CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Jul +12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 725.47	-58	↓	-1.2%	R 4 783.49	*	CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Jul +12:00 die vorige dag							
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Corn Jul '17	365.00	-22.00	↓	-7.7%	387.00	↓	-4%	382.00	↓	-3%	375.25	↓	-4%	380.25
Wheat Jul '17	494.00	-18.00	↓	-5.5%	512.00	↓	-4%	515.00	↑	6%	467.00	↓	-2%	502.00
Soybean Jul '17	987.00	0.00	↑	0.0%	987.00	↓	-1%	996.00	↑	5%	937.75	↓	-5%	1041.75
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM Dec '17	3174	0	↑	0.0%	3174	↑	1.6%	2700	↑	1.6%	2700	↓	-1%	3200
WMAZ SPOT	1799	-11	↓	-0.6%	1810	↓	-0%	1854	↑	4.1%	1728	↓	-5.9%	4485
YMAZ SPOT	1919	-12	↓	-0.6%	1931	↓	-1.9%	1976	↓	3.5%	1854	↓	-4.7%	3348
SOY 50 SPOT	4768	-62	↓	-1.3%	4830	↓	-1.2%	4826	↑	0.0%	4543	↓	-3.3%	7150
SUN SPOT	4654	-52	↓	-1.1%	4706	↓	-2%	4726	↑	3%	4522	↓	-2.2%	5980
WHEAT SPOT	4585	-19	↓	-0.4%	4604	↑	4%	4397	↑	2%	4505	↑	1%	4560
OLIESADE (US\$/ton)	2017/07/14	Bron: Oilworld				2017/07/07	May 2017		June 2015					
Soya-oil, Arg.	738	↓	-1%	742	↓	-4%	769	↑	9%	676				
Soya-pell, Arg.	314	↓	-1%	316	↓	-7%	339	↓	-15%	368				
Soybean, Brazil	417	↑	3%	405	↑	2%	410	↑	2%	410				
USA Runner 40/50	1450	↑	0%	1450	↓	-9%	1600	↑	12%	1300				
Sun-oil, Arg.	725	↑	1%	720	↓	-4%	755	↓	-9%	800				
Sun-oil, Black Sea	752	↑	1%	748	↓	0%	750	↑	0%	750				
Sunseed, Black Sea	375	↑	1%	370	↓	-6%	400	↓	-8%	409				
Rapeseed, EU cif	414	↑	0%	413	↓	-3%	425	↑	4%	399				
Palm oil Mal, EU	980	↓	-2%	1000	↓	-3%	1470	↓	-5%	1037				
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSIAE														
<p><b>Markoorsig:</b> Die rand het Vrydag van sy verliese teruggeky en verhandel tans 1.2% sterker as Vrydag-middag. Terwyl daar 'n gebrek aan plaaslike ekonomiese data was, kan die rand se sterkte toegeskryf word aan die verswakking van die dollar. Op die internasionale front was die Amerikaanse verbruikersprysindeks 0,1% teenoor 0,2% van die vorige maand, terwyl die Amerikaanse kleinhandelverkope gedaal het, met die makro-ekonomiese data wat druk op die dollar plaas. Opkomende markte vertoon tans stabiliteit as gevolg van aggressiewe groot sentrale banke. Tans verhandel die rand teen R13.03 teenoor die dollar. Brent-ruoliepryse verhandel tans hoër; die effense styging in oliepryse is hoofsaaklik as gevolg van 'n sterk vraag in China en 'n verlenging in die Amerikaanse produksie. Die tempo van die Amerikaanse olieboordery is steeds hoog en die globale wêreldvoorrade onderdruk steeds oliepryse. Tans verhandel oliepryse teen ongeveer \$ 48,94 per vat.</p> <p><b>Sojabone:</b> In die internasionale konteks is daar tans vir die naby tot medium termyn meer beermark faktore wat prominent in die internasionale sojaboonmark is. Hierdie faktore sluit die volgende in; Die verwagting is dat die Sjinese invoere vir die volgende paar maande redelik behoort te stagneer met die Sjinese voorraadvlakke wat 'n rekord hoogtepunt bereik het. Baie skeep met sojabone lê nog voor die Sjinese hawens en wag om af gelaa te word. Die sojaboon produksie in Sjina word ook verwag om toe te neem tot en met tussen 14.5 miljoen ton en 15.3 miljoen ton vir die seisoen en die 2017/18 seisoen sal waarskynlik die eerste keer in 'n hele paar jaar wees wat die Sjinese invoere van sojabone nie sal toeneem nie. In Brasilië lyk die aanplantings vooruitsigte vir die seisoen aansienlik beter met die winsgewendheid daar wat beter lyk en daar kan moontlik vir die 2017/18 seisoen meer sojabone aangeplant word. Die wêreld produksie van sojaboonmeel was ook gedurende die afgelope twee maande laer as wat die verwagtinge was en die onlangse versterking in die pryse het die vraag na sojaboonmeel beperk wat die produksie wat kan lei na laer verwerkings van sojabone in die globale konteks. Die produksie en uitvoere van palm olie word verwag om toe te neem gedurende 2017 en dit bied kompetisie vir die sojaboonolie internasionaal. In die Oekraïene het gunstige reën wat voorgekom het in die sentrale en noordelike produksie gebiede die produksieomstandighede daar verbeter. Die internasionale pryse het die was baie volatiel die laaste ruk en die mark het vanaf sterk bulmark tot sterk beermark gedraai nadat die nuutste WASDE verslag beter as verwagte produksies in die VSA gerapporteer het. Daar is egter steeds verskeie faktore in die internasionale mark wat dopgehou sal word waaronder die produksieomstandighede in die VSA een van die faktore is. Indien die kondisies daar sleg is kan dit steeds prys "Spikes" in die internasionale mark na vore bring. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik laer verhandel nadat dit die vorige week goeie ondersteuning gevind het om net bo die R5 000ton te verhandel wat die sterkste vlak sedert Maart was. Die mark het weer onder druk gekom met die sterk daling in die internasionale pryse sowel as die versterking in die wisselkoers wat weer gesien was verlede week. Die plaaslike pryse verhandel steeds laer as die afgeleide prys en die persmarges is goed positief wat die verwerkings plaaslik goed behoort te ondersteun.</p> <p><b>Sonneblom saad:</b> In Argentinië word die sonneblom saad produksie vir die seisoen verwag om toe te neem die komende seisoen met die produsente daar wat gewasse soos mielies, koring en sonneblom saad verkies eerder as sojabone. Die verwagting is dat die sonneblomsaad aanplantings vir die 2017/18 seisoen in Argentinië met ongeveer 110 000 – 160 000 hektaar kan toeneem tot en met 1.8 – 1.85 miljoen hektaar. In die Oekraïene het die se sonneblom produserende gebiede goeie reën ontvang wat gunstig is vir die produksies daar. Volgens die nuutste amptelike handelstatistieke vir Mei is die skerp toename in die Russiese sonneblom saad uitvoere bevestig en Rusland het die 2de grootste uitvoerder van sonneblom saad geraak vanaf die 8ste grootste uitvoerder die vorige seisoen. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik laer verhandel nadat dit die vorige week goeie ondersteuning gevind het om teen die sterkste vlak sedert einde Februarie te verhandel van net bo die R4 800/ton. Die mark verhandel nou weer tans nader aan 'n uitvoerpariteitsprys, maar steeds net bo dit.</p> <p><b>Kanola:</b> In die internasionale raapsaad en kanola mark kan daar moontlik 'n sterk bulmark ontstaan indien daar nie die nodige reën en vogtigheid voorkom in die hoof produserende areas van Kanada en Australië nie. In Kanada is die kanola produksiekondisies aansienlik swakker as dieselfde tyd verlede jaar en in die suidooste word 20% van die produksie in 'n swak tot baie swak kondisie geskat. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike kanola in die Weskaap het heelwat probleme ervaar met die droë seisoen wat lank voortgeduur het en die eerste reën wat eers laat in die seisoen geval het. Die kanola het oor die algemeen swak opgekom in groot gedeeltes van die Weskaap. Die eerste oesskatting van wintergrane vir die seisoen word later die maand bekend gemaak.</p> <p><b>Grondbone:</b> Die hoof fokus in die internasionale markte is tans op die Argentynse weerstoestand wat nie gunstig is vir die stroop proses daar nie. Na toestande belemmer die tempo van die stroop proses en daar word geskat dat tussen 50 en 60% reeds klaar getroop is vir die seisoen tot dusver. Die vertraging in die verskeppings duur voort op 'n weeklikse basis en die fabriek is vol geboek tot en met Augustus/September oor grondbone en September/Oktober vir gebalanseerde grondbone. In Sjina het die mark nou weer begin tempo oortel en die prys het weer ondersteuning begin vind met meer kopers wat tot die mark tree daar. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike grondboon produksie het goed gelyk vir die seisoen met goeie opbrengste en kwaliteit wat gerapporteer was vir die seisoen.</p>														
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za														